# GEREFORMEERDE SKOOL DIRK POSTMA

**Kleuter- en Laerskool**
Cunninghamlaan 1182
WAVERLEY, 0186
**Telefoon**: (012) 332-3222 x1
**e-posadres**: gsdp@gsdp.org.za
**Posadres:**
Posbus 31120
TOTIUSDAL, 0134
**Webwerf**: www.gsdp.org.za

Wees sterk en vol moed

**Hoërskool**
Dickensonlaan 1174
WAVERLEY, 0186
**Telefoon**: (012) 332-3222 x2
**e-posadres**: hsadmin@gsdp.org.za
**Posadres:**
Posbus 31120
TOTIUSDAL, 0134
**Webwerf**: www.gsdp.org.za

# INFO: 13 NOVEMBER 2020

Geagte ouers, lede, vriende en personeel

So staan ons aan die einde van die jaar met die eksamens om die draai. Sommige leerlinge in die laerskool het reeds begin skryf, vir ander wag hulle in spanning vir hulle eerste eksamens ooit. Dit het baie beplanning geverg, baie aanpas en hope genade om te staan waar ons nou staan.

Ons kyk met dankbaarheid terug op 'n suksesvolle jaar. Dit wys wat vermag kan word as skool en gemeenskap saamstaan en natuurlik wanneer God die werk seën.

Baie sterkte aan elke leerling, ouer en personeellid wat hulle werk nou afrond en gereed maak om te leer en vraestelle na te sien.

Dirkie-groete

**Mnr HJJ Visser**
KLEUTER- EN LAERSKOOLHOOF
BEDRYFSPAN: VOORSITTER

## ALGEMEEN

### PERSONEEL - VERJAARSDAE

**Baie geluk** aan die personeel wat binnekort verjaar/verjaar het.




Ons bid dat die Here u ryklik sal seën in die nuwe lewensjaar en dat u elke dag die nabyheid van die Here mag ervaar:

3 November: Mev Sasha-Lee Hemmens
12 November: Elsa Godschalk
14 November: Mari-Susan van Straten
15 November: Wanda Loretan
19 November: Adri van de Wetering

# LIEF EN LEED

- Ons vra die skoolgemeenskap se voorbidding vir Nina Etsebeth (16 mnd). Nina is reeds 10 weke in die hospitaal en haar lyfie het moeite met die verwerking van 'n hartklepoperasie.
- Met groot dankbaarheid teenoor die Here mag ons vermeld dat Thys (1½) se opehart operasie 'n sukses was. Thys is weer tuis by Mnr. Erik en Mev. Yolanda Visser.

## REGISTRASIE 2021

Die registrasie vir 2021 is steeds oop. Kontak asseblief so gou as moontlik die kantoor, indien u u kind(ers) vir 2021 wil inskryf.

---

# KWARTAAL 4 - 2020




Kwartaal 4: 12 Oktober tot 4 Desember

**<u>4 Desember</u>**: GSDP sluit op Vrydag, 4 Desember vir alle leerlinge.

# KWARTALE - 2021

KWARTAAL 1: 20 JANUARIE - 26 MAART

KWARTAAL 2: 14 APRIL - 25 JUNIE

KWARTAAL 3: 13 JULIE - 23 SEPTEMBER

KWARTAAL 4: 5 OKTOBER - 8 DESEMBER

---

# HOëRSKOOL

## ALGEMEEN

Geagte ouers, personeel en vriende

1. Algemeen:

1.1 Ons is aan die einde van kwartaal 4. Dit was 'n kort akademiese kwartaal met eksamens wat reeds begin het. Dankie aan alle ouers en leerlinge wat vasbyt hierdie laaste stukkie. Sterkte aan almal: ons is amper daar.

1.2 Die volgende praktiese reëlings. Leerlinge en ouers moet mekaar asseblief nie tydens skooltyd direk kontak nie. Werk asseblief deur die kantoor. Die kinders moet Mev. Boersema in die kantoor laat weet om hul ouers te skakel indien hulle opgelaai moet word.

2. Akademie:

2.1 Dirk Postma leerlinge het reeds met hul finale eksamen begin. Die eksamenrooster is as volg:

**GEREFORMEERDE SKOOL DIRK POSTMA – EKSAMENROOSTER VIR NOVEMBER 2020**

| Datum | Gr.11 - 28 | Tyd | Gr.10 - 30 | Tyd | Gr.9 – 27 | Tyd | Gr.8 - 19 | Tyd |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Vry. 13 Nov** | Wisk I<br>Wisk gelet I | 3<br>2 | Wisk I<br>Wisk gelet I | 2<br>1½ | SW Gesk | 1½ | Bloktyd | |
| **Ma. 16 Nov** | Wisk II<br>Wisk Gelet II | 3<br>2 | Wisk II<br>Wisk gelet II | 2<br>1½ | Afr II | 2 | Wisk I | 1½ |
| **Di. 17 Nov** | LO | 1½ | Eng III | 2 | Bloktyd | | Eng II | 1½ |
| **Wo. 18 Nov** | IGO I<br>Geo I<br>Rek I | 3<br>3<br>2 | Afr I | 2 | SW Geo | 1½ | KG | 1 |
| **2e Sessie** | | | Bybel | 1½ | | | | |
| **Do. 19 Nov** | | | IGO I | 2 | LO | 1 | KK | 2 |
| **Vry. 20 Nov** | FW I | 3 | LW I<br>BS I | 2½<br>2 | EBW | 2 | SW Gesk | 1½ |
| **Ma. 23 Nov** | FW II | 3 | LW II<br>BS II | 2½<br>2 | Wisk I | 2 | Wisk II | 1½ |
| **Di. 24 Nov** | Eng II | 2 | LO | 1½ | Eng II | 1½ | Afr I | 2 |
| **Wo. 25 Nov** | Verbruikerstudies | 2½ | IT II<br>Kuns<br>Rek II | 2½<br>2<br>2 | Bybel | 1½ | NW | 1½ |
| **Do. 26 Nov** | KG | 1½ | Afr II | 2½ | Eng I | 1½ | Bloktyd | |
| **Vry. 27 Nov** | LW I<br>IT II<br>BS I | 2½<br>2<br>2 | FW I<br>Geo I<br>RTT II | 3<br>3<br>2½ | Wisk II | 2 | Eng I | 1½ |
| **Ma. 30 Nov** | **RTT II**<br>IGOII<br>LW II<br>BS II | 3<br>3<br>2½<br>2 | Geo II<br>FW II | 3<br>3 | Afr I | 2 | Afr II | 2 |
| **Di. 1 Des** | Eng I | 2 | IGO II | 2 | Bloktyd | | SW Geo | 1½ |
| **Wo. 2 Des** | Geo II<br>Rek II<br>Kuns | 3<br>2<br>2 | VS | 2½ | NW | 2 | Teg | 1½ |
| **Do. 3 Des** | Bybel | 2 | KG | 1½ | KK | 2 | LO | 1 |
| **Vry. 4 Des (Skool sluit)** | Afr I | 2 | Eng II | 2 | Teg | 2 | Bybel | 1½ |

2.1 Ons maak ouers op die volgende attent tydens eksamen, gewone toetsreëls soos altyd geld. Sonder 'n doktersbrief kry die leerling ongelukkig nie punte nie.

2.2 Let op dat leerlinge tot en met 4 Desember skryf. Die reëlings is dat ons die oggend saalafsluiting sal hê waarna leerlinge na klasse beweeg vir laaste eksamen. Sodra eksamen afgehandel is mag leerlinge huis toe gaan.

2.3 Rapporte uitdeel: Vrydag, 11 Desember uitgedeel tussen 08:00 - 09:00.

2.4 Die registrasie vir 2021 se graad 8-leerlinge is steeds oop. Kontak gerus die skoolkantoor, indien daar leerlinge is wat graag wil inskryf.

2.5 Die graad 12-leerlinge se eksamenrooster is as volg:

| DAG | DATUM | TYDSDUUR | VAK |
|---|---|---|---|
| Maandag | 16 November | 3 uur | Wiskunde V2 |
| | | 3 uur | Wiskunde Geletterdheid V2 |
| Dinsdag | 17 November | 2 uur | English FAL Vraestel 2 |
| Woensdag | 18 November | 2 uur | Besigheidstudie 1 |
| Vrydag | 20 November | 3 uur | Fisiese Wetenskappe (Fisika) Vraestel 1 |
| Maandag | 23 November | 3 uur | Fisiese Wetenskappe (Chemie) Vraestel 2 |
| Dinsdag | 24 November | 2½ uur | Afrikaans Huistaal V2 |
| Woensdag | 25 November | 2 uur | Besigheidstudie 2 |
| Vrydag | 27 November | 2½ uur | Lewenswetenskappe Vraestel 1 |
| Maandag | 30 November | 2½ uur | Lewenswetenskappe Vraestel 2 |
| Dinsdag | 1 Desember | 3 uur | IGO Vraestel 1 |
| Woensdag | 2 Desember | 3 uur | Rekenaartoepassingstegnologie Vraestel 2 (Teorie) |
| Donderdag | 3 Desember | 3 uur | Geografie (Teorie) Vraestel 1 |
| | | 1½ uur | Geografie (Kaartwerk) Vraestel 2 |
| Vrydag | 4 Desember | 2 | Rekeningkunde V1 |
| Maandag | 7 Desember | 2 | Rekeningkunde V2 |
| Woensdag | 9 Desember | 2½ uur | English FAL Vraestel 3 |
| Donderdag | 10 Desember | 3 uur | Verbruikerstudie |
| | | 3 uur | IGO Vraestel 2 |
| Vrydag | 11 Desember | 2½ uur | Afrikaans Huistaal V3 |
| Maandag | 14 Desember | 3 | Inligtingstegnologie V2 (Teorie) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Dinsdag | 15 Desember | 3 | Visuele Kuns (Teorie) |

3. Sport en Kultuur

3.1 Atletiekoefening het begin en gaan voort tydens eksamen op Dinsdae en Donderdae vir leerlinge wat belangstel. Ons hoop om volgende jaar wel atletiekbyeenkomste by te woon. Ongelukkig kan mens volgens huidige Covid-reëls net atlete saamneem en nie toeskouers nie. Hopelik motiveer dit leerlinge om te oefen om atlete te wees vir volgende jaar.

**Mnr JG Pretorius**
HOËRSKOOLHOOF


---

# LAERSKOOL

**Eksamenrooster - November 2020:**

| Dag en datum | Gr 4 | Gr 5 | Gr 6 | Gr 7 |
|---|---|---|---|---|
| Ma, 16 Nov | Afrikaans 2 | Afrikaans 2 | Wiskunde 2 | Afrikaans 2 |
| Di, 17 Nov | Afrikaans 1 | Afrikaans 1 | Afrikaans 1 | Afrikaans 1 |
| Wo, 18 Nov | LO | LO | LO | SW |
| Do, 19 Nov | SW | SW | Nat & Tegn | NW |
| Vr, 20 Nov | Engels | Engels | Engels | Engels |
| Ma, 23 Nov | Wiskunde 2 | Kuns | Afrikaans 2 | Wiskunde 2 |
| Di, 24 Nov | Wiskunde | Wiskunde | Wiskunde | Wiskunde |
| Wo, 25 Nov | Nat & Tegn | Nat & Tegn | SW | LO |
| Do, 26 Nov | Kerkgeskiedenis | Kerkgeskiedenis | Kerkgeskiedenis | Tegnologie |
| Vr, 27 Nov | Kuns | Wiskunde 2 | Kuns | Kuns |

Ma, 11 Nov tot Vr, 27 Nov: Eksamen (12:00)



**SPORT EN KULTUUR; BUITEMUURSE AKTIWITEITE**

Is afgestel tot verdere kennisgewing.

## VERJAARSDAE




Baie geluk aan die volgende leerlinge wat binnekort verjaar en alreeds verjaar het.

Ons hoop dat almal julle baie sal bederf.

| | |
|---|---|
| 29 Oktober: | Elané Brönn (gr.4) |
| 6 November: | Luhan Jordaan (gr.1) |
| 9 November: | Wynand de Wet (gr.1) |
| 13 November: | Renier Boerrigter (gr.1) |
| 14 November: | Willene Diedericks (gr.1) |
| 17 November: | Louis Boersema (gr.5) |
| 19 November: | Lindes Roets (gr.6) |
| 20 November: | Elzaan Hermann (gr.7) |
| 23 November: | Cilliers Kemp (gr.5) |
| 24 November: | Wian van der Veen (gr.5) |
| 25 November: | Kirsten van de Wetering (gr.3) |
| 26 November: | Lana Kruger (gr.1) |

---

# AFLAAI EN OPLAAI VAN LEERLINGE

**Ons vestig u aandag op die bestaande reël en versoek dat u dit asseblief gehoorsaam:**

## AFLAAI EN OPLAAI VAN LEERLINGE

**Die roete vir die aflaai en oplaai van leerlinge:**

**Ingang:** **Dickensonlaan** →
**Uitgang:** **Codonialaan** ←

**HEKTYE**
**07:00 - 07:40**
**12:00 - 12:15 ALLE LEERLINGE**

## OPLAAI VAN LEERLINGE

| tyd | graad | plek |
|---|---|---|
| 12:00 | kleuterskool | Cunninghamlaam |
| 12:00 | gr 1 - gr 3 | Dickensonlaan |
| 12:00 | gr 4 - gr 7 | Dickensonlaan |

**Gr 1- tot gr 7-leerlinge: Die leerlinge beweeg om 12:00 na die afgemerkte plekke op die kerkterrein waar u van die "pick-up and go"-stelsel gebruik moet maak.**

**Ons versoek dat u asseblief nie voor die hekke parkeer en wag dat die hekke oopmaak nie - dit verhinder die personeel wat op die terrein moet wees se toegang.**

- **Kinders wat 'n reëling het om tot 13:00 en 13:30 te wag by skool se ouers moet hulle asb. by die Laerskool hek in Codonialaan optel.**

## TOEGANG TOT GSDP-SKOOLTERREIN

ONS BEVESTIG ONS BESTAANDE BELEID DAT ONS **GEEN** OUER / BESOEKER OP DIE SKOOLTERREIN TOELAAT NIE. INDIEN U WEL DIE TERREIN MOET BETREE, MOET U ASSEBLIEF VOORAF DIE BETROKKE KANTOOR SKAKEL EN 'N AFSPRAAK MAAK.

ENIGE PERSOON WAT DIE SKOOLTERREIN BETREE, MOET EERS BY DIE KANTOOR AANMELD EN DIE NODIGE DOKUMENTE VOLTOOI, VOORDAT U U AFSPRAAK KAN NAKOM.

INDIEN U KIND(ERS) LAAT IS, MOET U HOM / HAAR BY DIE HEK IN CUNNINGHAMLAAN AFLAAI. KONTAK DIE KANTOOR DEUR MIDDEL VAN DIE INTERKOMSTELSEL. U KIND(ERS) MAG DAN INKOM EN OP DIE BANKIES SIT, TOTDAT DIE PERSONEEL DIE NODIGE "SIFTING" DOEN.

NADAT U KIND(ERS) AFGELAAI IS, NEEM DIE PERSONEEL DIE LEERLING(E) SE TEMPERATUUR EN SPUIT DIE HANDE. DIE PERSONEEL HANTEER DIE SIFTINGSVRAELYS GEDURENDE DIE REGISTERPERIODE.

GEEN LEERLING MAG DIE SKOOL BYWOON, SONDER DAT DIE "SIFTING-VRAELYS" IN DIE REGISTERPERIODE GEDOEN IS NIE!

---

# KLEUTERSKOOL

## VERJAARSDAE

| | |
|---|---|
| 2 November: | Rikus Boersema (gr. R) |
| 2 November: | Bernard Boersema (gr. R) |
| 14 November: | Daniël Eksteen (gr.R) |
| 14 November: | Charmoné Muller (gr.R) |
| 22 November: | Hendrik van Jaarsveld (gr.R) |

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| Do, 26 November: | Gr R: Gradeplegtighid |

Lukas 18: 16: "Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van God."

**Mev Michelle Harenberg**
DEPARTEMENTSHOOF: KLEUTERSKOOL

---

**GSDP - "SNAPSCAN"**

GSDP gee hiermee aan u die "snapscan"-kodes wat u kan gebruik vir betaling:

Snap here to pay

SnapScan

**GSDP SKOOLFONDS**

Gebruik bogenoemde kodes om betalings ten opsigte van skoolfonds en die bergpretloop te maak. U kan betalings in u eie omgewing maak en hoef nie meer skool toe te ry om dit te doen nie.

---

## HERWINNING




Ondersteun asseblief ons herwinningsaksie. Sodoende dra u, sonder dat u dit agterkom, by dat die skool gereeld "betaling" hiervoor ontvang.

**GLAS, PLASTIEK, BLIKKIES, PAPIER**

Plaas glas, plastiek, blikkies en papier in die houers by die laerskool, te Cunninghamlaan.

---

## ONDERSTEUN GSDP

**BLITS ELEKTRIES**

Met aankope te Blits Elektries, moet u asseblief noem dat u 'n Dirk Postma-ouer of -ondersteuner is. GSDP ontvang 7,5 % op alle aankope.

**PICK 'n PAY - WAVERLEY PLAZA**

Pick n Pay

Wanneer u aankope te Pick 'n Pay in Waverley Plaza doen, kan u u kasregisterstrokie in die houer (gemerk "Dirk Postma") gooi. Die skool wat die meeste strokies ontvang, ontvang 'n kontant-bedrag op 'n tyd wat Pick 'n Pay bepaal.

## "MY-SCHOOL"-KAART

Hoe werk die "MySchool"-kaart? Vir elke aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart byvoorbeeld Woolworths, kry die skool 'n persentasie. Aan die einde van elke maand betaal MySchool die bedrag oor aan GSDP.

MySchool MyVillage MyPlanet
MAKE EVERY SWIPE COUNT

Indien u nog nie 'n "MySchool"-kaart het nie, besoek die webwerf www.myschool.co.za, klik op "Get a MySchool card now" en voltooi die maklike aansoekvorm binne minute.

---

## SKRYFBEHOEFTE PAKKETTE 2021

Kontakbesonderhede - DirkiesKoop:

- admin.dk@gsdp.org.za
- http://dirkieskoop.gsdp.org.za
- https://facebook.com/dirkieskoop/
- Mev Linette Pouwels: 083-737-2434

MOET ASB. NIE IN DIE SKOOLREKENING INBETAAL NIE.

### GSDP GRAAD 1- 2021
### SKRYFBEHOEFTE PAKKET

Alles wat u kind nodig het, saamgestel deur die betrokke onderwysers. Afbetalings opsies op webtuiste beskikbaar

R540.00

*Verpligtend*

### GSDP GRAAD 2- 2021
### SKRYFBEHOEFTE PAKKET

Alles wat u kind nodig het, saamgestel deur die betrokke onderwysers. Afbetalings opsies op webtuiste beskikbaar

R545.00

*Verpligtend*

### GSDP GRAAD 3- 2021
### SKRYFBEHOEFTE PAKKET

Alles wat u kind nodig het, saamgestel deur die betrokke onderwysers. Afbetalings opsies op webtuiste beskikbaar

R500.00

*Verpligtend*

### GSDP GRAAD 4-7- 2021
### SKRYFBEHOEFTE PAKKET

Alles wat u kind nodig het, saamgestel deur die betrokke onderwysers. Afbetalings opsies op webtuiste beskikbaar

R325.00

*Nie verpligtend*

# KONTANTLOOS (D6)

Die skool poog om sover moontlik kontantloos te werk.



<u>Ons het nou verskeie opsies wat u kan gebruik om betalings te maak</u>:

- <u>EFT</u>: Soos altyd gebruik u u familiekode as verwysing
- <u>Kaartfasiliteit</u>: By die laerskoolkantoor
- <u>Snapscan</u>: Die kode is in die Info. Gebruik u familiekode as verwysing. Ons sal snapscan vir projekte aan u voorsien.
- <u>D6-Cashless:</u> Die D6-Cashless werk op die D6-Toep. Gaan in u toep, klik op die "i" regs onder en dan op "cashless". Voor u betalings maak, moet u eers geld in u beursie laai:
  - Gaan na "my beursie" en doen 'n "EFT" na die bankrekening en gebruik die verwysing soos op die skerm getoon.
  - As u beursie gelaai is, gaan na "betaal my gemeenskap". Daar sal u die skoolfonds wat vir die maand uitstaande is, kan betaal, sowel as enige projek wat gekoppel is aan die leerlinge.

Dit werk baie maklik.

<u>Hoeveel is nog uitstaande op my toergeld of veldskool, ensovoorts?</u>

- Onder "betaal my gemeenskap" kan u presies sien wat die skoolfonds is en ook die bedrag uitstaande op projekte, soos toergeld, veldskool, uitstappies, ensovoorts.

**Ons gebruik die D6-Toep om inligting aan u deur te gee, soos die Info, reëlings, ensovoorts. Vanaf die vierde kwartaal sal u die Info slegs via die D6-Toep ontvang. Dit is dus baie belangrik dat u die toep aflaai en ingeteken bly. Vind dit op "Google Playstore: D6 connect" (die <u>SWART BLOKKIE</u>).**

Indien u enige navrae het oor enige van bogenoemde, kontak mev Irene van der Meer by finansies.


'n Produk deur Pretorium Trust.
bonuscard
THE ORIGINAL CASHBACK
"Ons het in 2019 meer as R51 miljoen in kontant aan ons lede uitbetaal "
SMS "GSDP & u naam" na 36968 & ons sal u kontak!
Hoe dit werk
Doen aansoek vir jou bonuskaart
Koop by meer as 8000 winkels
Betaal jou rekening maandeliks
Ontvang 'n jaarlikse kontantbonus op aankope & versekeringpremies
Pretorium Trust (Koöperatief) Beperk is 'n gemagtigde finansiële diensverskaffer (Lisensienr 2753) en geregistreerde kredietverskaffer (NCRCP228)